

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Ek dink die redakteur het nog nie eens my rubriek van verlede week, "Vereffen eers jou skuld voor jy spaar", onder oë gehad nie toe ek dié vraag kry: "Betaal ek eers my huis af, of spaar ek vir aftrede?"

My antwoord op die vraag is eenvoudig: Jy moet albei doen.

Vir jonger mense, diegene wat tyd aan hul kant het, is die plan voor die handliggend. Koop jou huis. Maar koop 'n huis wat jy kan bekostig uit jou inkomste nádat jy genoeg wegsit vir aftrede.

Die waarde van vroeg spaar

Dis regtig 'n som wat maklik is om te verstaan. Die een wat vroeër begin spaar sal altyd beter daaraan toe wees as die een wat later begin het.

Hier is 'n voorbeeld.

A en B is albei 25 jaar oud. Hul aftree-ouderdom is op 65, dus oor 40 jaar. A begin dadelik en spaar R5 000 per maand, wat met 5% styg aan die begin van elke jaar, en sy kry beleggingsgroei van 8% per jaar.

B het intussen besluit die jong lewe is te wonderlik, sy sal later begin. En 20 jaar later skrik sy wakker.

Teen daardie tyd is A se bydrae (vanweë die 5%-styging elke jaar) R13 266 per maand en het sy reeds R4 160 502 gespaar. B het niks.

Oor die volgende 20 jaar groei die R4 160 502 verder teen 8% per jaar. Sy dra ook elke maand nog by daartoe, waarop sy ook groei kry.

Vir B om teen aftrede in dieselfde posisie as A te wees moet sy R36 571 per maand belê en dit ook elke jaar met 5% vermeerder.

A sal in haar laaste jaar voor aftrede R33 524 per maand spaar. Dit is minder as waarmee B 20 jaar gelede sou moes begin. In haar laaste jaar voor aftrede sal B R92 414 per maand moet spaar.

Dis nie moeilik om te sien wie van A of B in hul later jare die beste sal kan bekostig om 'n huis te kan afbetaal én te



Betaal ek my huis af, of spaar ek vir aftrede?

Jy kan albei doen; begin net vroeg en hou daarby

spaar vir aftrede nie.

Baie mense sit met B se probleem. En 'n huis met 'n yslike uitstaande verband daarop ook nog. Dit is nie die eerste keer dat ek so 'n vraag kry nie.

Dit kom van mense in hul middeljare wat nie genoeg gespaar het vir aftrede nie. Om watter rede ook.

In baie gevalle het hulle van werk verander, hul aftreegeld geneem en uitgegee. Op wie weet wat alles.

Of dit is iemand met 'n eie saak wat die inkomste uitgeleef het, sonder om aan spaar vir aftrede aandag te gee.

En wanneer die aftree-prentjie hier noord van 50 jaar begin duidelik word, dan moet plan gemaak word. As jy dan boonop sit met 'n uitstaande huisverband kan ek glo die spanning laai op.

Hoe nou gemaak?

As jy die huisverband vroeër kan aflos deur meer te betaal per maand kan jy bespaar op die rente. Dit is altyd 'n goeie belegging, soos ek verlede week hier geskryf het.

Maar dan kom jy by aftrede en wat het jy? 'n Huis.

Iets om te oorweeg is om dalk liever

die verband se uitstaande termyn te verleng en so jou paaiement te verminder om te kan begin spaar. Ja, die rente sal meer wees oor tyd. En ja, die plan gaan nie vir almal werk nie. En ja, ek is seker nie almal sal met my saamstem nie.

My punt is dat jy 'n huis waarop daar 'n uitstaande verband is, kan verkoop en minstens "skoon" (skuldvry) wegstap. Jy kan onmoontlik 'n pensioen-inkomste kry as jy nie daarvoor gespaar het nie.

Of verkoop jou huis, kry 'n kleiner plek en spaar dat dit bars.

Almal se situasie is nie dieselfde nie. Gaan dink maar daaroor.

Werk so lank jy kan

Die waarheid is vir 'n inkomste ná aftrede gaan jy moet spaar. Soos ek hierbo wys, hoe vroeër hoe beter. En as jy in 'n uitree-annuïteit spaar het jy boonop belastingaftrekbare voordele wat 'n groot bydrae gaan lewer.

Byvoorbeeld, as jou marginale belastingkoers 35% is, spaar jy in werklikheid net R65,00 vir elke R100 se aftree-voordeel.

En die groei is ook belastingvry.

Laastens, vergeet gerus van vroeg af-

tree. Werk so lank jy kan en spaar dat dit klap. Jy sal verbaas wees waar jy oral kan besnoei as jy regtig probeer. En hoe vinning die rande meer word.

As jy 'n eie saak het geld dieselfde reël, werk so lank jy kan. As jou gesondheid hou kan jy maklik werk tot in jou 80's.

Maar terselfdertyd, moenie jou plan bou om 'n gesondheid wat gaan hou nie. Almal is nie so gelukkig nie.

Stel so gou jy kan iemand in jou saak aan wat kan oorneem ingeval jou gesondheid ingee, of as jy jou lus vir harde werk verloor.

'n Eie saak wat nie kan voortgaan sonder jou nie is in elk geval in my oë nie 'n saak nie, dis net 'n werk.

Die punt is, dis nie die een of die ander nie. Jy moet albei doen. Jy kán albei doen. Deur vroeg te begin spaar. En met dissipline.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.